**26 Februarie**
**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 1:16**

## Genade in oorvloed!

As daar nou een ding is wat mense goed kan doen, is dit om te kla. As dit goed gaan, kla hulle dat dit nie beter gaan nie. As dit sleg gaan, kla hulle dat die Here hulle in die steek gelaat het. Mense doen dit omdat hulle die genade van die Here op die verkeerde plek soek. Hulle soek dit in uiterlike dinge, soos gesondheid, sukses en prestasies.

Die groot vraag is die volgende: Wat is die genade wat die Here in oorvloed aan ons gee? Die antwoord kry jy in vers 14 en 17. Die Sondelose, Jesus Christus, kom na die sondegebroke wêreld toe. Hy kom kruip in doeke in – doeke in die krip, doeke in die graf. Hy dra die straf van God in jou plek. Hy betaal jou sondeskuld ten volle. Hy het jou losgekoop uit die mag van die sonde, die hel en die Duiwel. Hy het van jou God se kind gemaak. Jy het dit ontvang. Jy verdien dit nie! Sy genade is vir jou genoeg in voorspoed en in teenspoed.

Vers 12 sê vir ons *wie* die "almal" is wat dit ontvang. Dit is sonder uitsondering al God se kinders. Is jy deel van die "almal?"

*Sing: Psalm 107:1, 10 Ds CS Grobler (Stellenbosch)*